

Goeie middag dames en here, Good afternoon every one.

Briza is 25 years old today and what an adventure it was! I want you to briefly join me in sharing some highlights of this adventure and to acknowledge the people that made it worthwhile and possible. Christo thought this would take 15min, but I am afraid to cover 25 years I need at least a minute per year.

It all started with an idea to compile a Guide to Grasses. Frits van Oudsthoorn worked at that time as an agricultural advisor and saw the lack in good material on grasses. Spurred on by a fellow student Piet Terblanche or as we called him Piet Ploeg and an assignment on grasses, the idea started to take form. The concept was well known and titles like Field Guide to the Trees of Kruger National Park sold in their thousands. The topic though was somewhat less popular. Even to the point of *is it at all possible to publish a book on Grasses commercially*. Frits started experimenting with photographing grasses and soon realised that he will need help. We were best friends since childhood, sharing wonderful memories exploring the Soutpansberg. I also had a reasonable quality camera and so I got involved.

Vir meer as twee jaar was al die somermaande se naweke opgeneem deur die ritueel van Kombi pak op Vrydag aande, deur ry na die vooraf ge-identifiseerde lokaliteit, grasse versamel, identifiseer, buite foto ateljee opstelling, Wag vir die regte lig intensiteit en met so min as moontlike wind die neem van plantfoto's. Meeste oorgeplant in 'n meer ideale posisie vir die foto's. Ek is seker as ons die proses meer bekend gemaak het, kon ons dalk kwalifiseer vir 'n ere BA blommerangskikking. Die wetenskaplike name was vir my Grieks, gou is ek reg gehelp en ek moes hoor dis eintlik Latyns. Ek moet sê dit is damn naby aan Grieks, want ek het dit ook nie verstaan nie. Met die assosiasie metode en hulpmiddels soos **klink soos** en **lyk soos** was Aristida bipartita nie te moeilik om onder die knie te kry nie. Frits se geduld met my was bekroonbaar - na die honderdste "**dis Melinis repens**" was daar nog geen stemtoon van irritasie te bespeur nie.

Dit klink nou alles baie idillies maar as mens 25/26 is en jou sosiale bestaan oorheers word deur die projek wonder mens soms of dit die moeite werd is. Hoe ook al, deur druk het ons. Frits het getrou sy spesie lyste opgestel en een vir een afgetiek. Terug by die huis moes die bloeiwyse foto's 'n beurt kry en dan na die mikroskoop kamera vir die blompakkies. Honderde eksperimentele foto's later kon ons 'n redelik aanvaarbare skyfie afmerk op die spesielys. Ons was op baie plese en wildreservate en is oral vriendelik in tipiese plattelandse

gasvryheid ontvang. Wintermaande was boekskryf tyd. Frits skryf, ons sekretaresse by transvaalstreek Lola van Rensburg het getik, ek het geproeflees en geset, Emsie du Plessis het geredigeer en vertaal en so het die bladsye een vir een vol geword.

We needed another engineer' salary to fund all the expenses and so we got Stephanus Smal, my friend and colleague at Dept Agriculture involved. He also got the task to create all the distribution maps on the newly installed GIS system of the Transvaal regional office of Dept Agriculture and until today acts as financial manager of Briza.

Our project presentation to Struik and van Schaicks quickly introduced us to the world of publishing and to the fact that royalties on the publication would hardly cover the film and development cost of the photographs let alone all the other associated costs. We started budgeting and planning to self publish. But we needed funding. Project proposals to the plough bank, tree bank, green bank - all rejected. Ideas are not security, you need security to obtain a loan. One guy believed in us Tersius Snyman – from United Bank in Sunnyside. He could only approve to a limit of R90 000 on branch level and said that if we could manage with that he will give the green light. Of course this could not cover all costs and we started putting together sponsorship proposals. Luckily we had a lot of recent experience through the Agricultural Engineering Institute in which we were involved at the time and with all necessary inputs we started contacting institutions and companies. The ones that believed in us were

- Gencor,
- The Anglo American and De Beers chairmans fund,
- Eskom
- Simba
- SA Druggist through Frits' father Prof Bosch van Oudtshoorn
- FBC Holdings
- Computer Foundation
- Sensako
- Kynoch Fertilizer

Lunch with the right person is as good as any game of golf. In this case it was Mr Naas Steenkamp. Gencor contributed almost half of the total sponsorships through his involvement.

Another highlight was the single introductory phone call from Dr Ebedes to the Anglo American and De Beers Chairmans Fund which resulted in a R10 000 cheque in the post. You can imagine the excitement this was. Almost 4 times the monthly salary of an engineer - send by post - no questions asked.

With the sponsorships in place we had enough money to publish. By this time the book was almost complete and with a few double checks we were ready. The rest of the story is well known. To date we sold almost 60 000 copies of the “rather dull” topic as one critic commented.

Maar een swaeltjie maak nie ‘n somer nie en een boek nie van jou ‘n uitgewer nie. Die volgende boek was seker net so belangrik soos Gids tot Grasse vir die vorming van Briza. **Stapkos sonder sukkel**. Ek sien Miemie is hier vandag, dankie dat jy hier is. Die boekie het struktuur aan Briza gegee. Gou kon ons besluit wat ons wou doen en ons wou volkleur natuur gidse doen. Dis ‘n mark wat ons geleer ken het en wou uitbou. Ons het ook vinning geleer dat mens eerder prominensie op een rak in die winkel wil hê, as ‘n boek op elke rak. Spesialisasie is selfs vandag ‘n belangrike oorlewings eienskap in die digitale uitgewerswêreld waar die algemene uitgewer verdwyn in die massa ander algemene uitgewers.

Toekom **Guide to Aloes of South Africa**. Saam met Ben-Erik begin ons die eienskappe van ‘n Briza boek formuleer:

- Dit moet wetenskaplik sterk wees
- Dit moet toeganklik vir die nuweling tot die onderwerp wees. Meestal is die uitleg modular met sterk struktuur - soms te Germaans vir party lesers
- Dit moet die beste moontlike foto’s en illustrasies inhê
- Dit moet van die bes moontlike papier en bind metodes gebruik maak

Opsommend kan dit gedefinieer word met wat Ben altyd sê **daar moet blou lug tussen jou en die kompetisie wees**.

Guide to Aloes het hieraan voldoen en was van die begin af ‘n groot sukses. ‘n Volledige hersiening en Afrikaanse vertaling het onlangs verskyn.

Met die fondasie van die uitgewery gelê kon nuwe projekte volg. Die tempo altyd bepaal deur natuurlike groei van die besigheid, konserwatiewe begroting en *hande uit die till* wat maar eenvoudig herinvestering beteken.

Sommige hoogtepunte en interessanthede van die avontuur.

- Gids tot Grasse was die eerste boek in Suid-Afrika geskep deur die sogenaamde ***desk top publishing***. Daar was reeds 'n wyn tydskrif in die Kaap wat op die wyse gepubliseer is, maar nog nooit 'n boek nie. Ons het Ventura aangekoop en bemeester. 22 360K floppies het die hele uitleg bevat. Die Postscript encapsulated (seker PDF in vandag se terme) file is direk op film uitgespeel, die kleurskeidings van die foto's bygevoeg en vandaar na die drukker. Oom Hentie Liebenberg van MacManus Brothers verdien hier vermelding. Wat 'n ervaring om met so 'n persoon te kon werk. Hy het met geduld, integriteit, vriendelikheid en vriendskap ons deur elke fase van die publisering geleei en darem later erken dat hy ook maar redelik benoud was oor die hele nuwe proses van PC tot druk.
- Guide to Aloes – Ons eerste boek wat deur Tien Wah Press in Singapore gedruk is. Weer 'n hele nuwe dimensie van internasionale rekeninge, wisselkoers, skeepsvrag en versekeeringsterme, invoer en klaring. Om nie te praat van die volksvreemde kosse tydens die kontrolering van proewe by die drukker nie. Die opgewondenheid van 'n oorsese reis, "luukse" hotel verblyf, die tempo op lughawens, taxi's, tolpaaiie en al die nuwighede het blywend indruk gemaak. So-ook die beroemde chillie crab van Pulau Ubin, 'n eiland 10 of wat km suid van Singapore wat ek en Ben kon beleef het. Dit het die betekenis van brandkos onbetwis herdefinieer.
- ***Mesembs of the World***- Our first publication to go direct to plate, no films, no reproduction cost. A process essentially closing businesses like Hirt & Carter in the years to follow. Mesembs of the World also marked our first exhibition at Frankfurt Book fair. Although we attended the famous FBF introduction by Basil van Rooyen we still found ourselves in deep water certain that we would not return to this frantic hussle and bussle.
- Then came ***Medicinal Plants of the World*** – entering the world of co-editions, language plate changes where a foreign publisher supplies only the text plate to be printed simultaneously with other languages. A complete new world of co-edition agreements, accurate scheduling to fit the ideas and demands of the foreign publisher. Medicinal Plants of the World with translations in Polish, Korean and German. Distribution agreements in place for USA, Canada, UK, Australia, South Pacific and

India. 7 reprints of the first edition, with a brand new edition in German language delivered last week. More than 30 000 copies sold world wide.

- ***Medicinal Plants of the World*** set the stage for several other international titles to follow. The next Food Plants of the World. I remember quite well Ben and my trip to the Cameron highlands in Malaysia. Here closely all vegetables for the Malaysian and Singapore markets are produced under makeshift plastic tunnels by hard working small farmers. A significant quantity of photographs for Food Plants of the World was taken on this trip. Also our introduction to the Chinese dish called Steamboat – similar to our fondue except that everything is cooked in water resulting in a so-called drinkable soup at the end.
- Mind-Altering and Poisonous Plants of the World, Cut Flowers of the World. And many more would follow. All these publications true to our initial guidelines of high quality content and production.
- **2005** saw the creation of two new imprints Briza Academic and Marula Books in order to expand our field of publication without losing our specialization that Briza was by now well known for.
- Briza Academic books give the opportunity for non commercial publications to be published. These are normally institutionally funded with very little or no profit. The qualification would be that it should contribute adequately to the scientific knowledge base of the subject. Most of these titles are peer reviewed giving the additional advantage that the institution could benefit from the government funding of publications. Titles include African Apiaceae and Dictionary of names of southern African Trees. Earning Briza a reputation good enough to be contracted to publish, as our first international packaging job, ***Biotherapeutic Handbook*** in both German and later Spanish languages. This placed Briza as the leading South African publisher exporting content to the rest of the World.
- Ander hoogtepunte sluit in ***Game Ranger in your backpack*** van Megan Emmet, Margaret Roberts se ***Healing Foods, Creative Gardening*** van Pitta Joffe, - almal wat meer as 10 000 eenhede verkoop het, en die blitsverkoper van JJ van Rensburg wat ons met RSG as media vennoot kon publiseer.
- ‘n Onlangse persoonlike hoogtepunt is die publisering van Sappi Voëls van Suid-Afrika met klankleser. Wat ‘n ervaring! Die idee kom van die walle Sabie rivier in die Skukuza kamp van die Kruger Wiltuin. Tydens ‘n

projek om spesies vir Gids tot Grasse uit te brei, het ek en Frits konsepte en idees bespreek hoe om voël geluide met 'n boek te kombineer. Die infrarooi strepieskode lesers waarmee die nuutste video opnemers van die tyd geprogrammeer kon word, was baie interessant. Die HP 41C sakrekenaar met sy magnetise kaartleser waarop programme gestoor kon word, die 16K data stoorkapasiteit van nuwe kredietkaart tegnologie, was alles moontlike opsies. Nêrens kon ons iets kry wat bekostigbaar en prakties sou wees nie. Klankleërs was eenvoudig net te kompleks en te groot. Die MP3 formaat het alles dramaties kom verander en het nuwe geleenthede geskep, en die tegnologie byna bekostigbaar gemaak. Aspekte wat die boek onderskei het van vorige publikasies was die toevoeging van die klankleser en die ontsluiting van die klank uit die gekodeerde areas op die druk werk. Al die goed moes beskryf word, name gegee word, veral vir die Afrikaans. Handleidings moes geskryf word. Vir die eerste keer is 'n Chinese produk vergesel met 'n behoorlik geproefleesde handleiding in verstaanbare Afrikaans en Engels. En wat 'n sukses. Een van die borge wat ons genader het, het die projek afgemaak as terugbeweeg in die geskiedenis van tegnologie. Vandag is die waarde hiervan deur en deur bewys en staan die paket glad nie terug vir enige digitale weergawe nie.

Wat gebeur by Briza en hoe lyk die toekoms?

Briza was nog altyd betrokke by nuwe tegnologie en die Briza Botanical Library gebaseer op die LOGOS platform was ons eerste "e-book" en het vier van die mees populêre Briza titels ingesluit in die digitale biblioteek.

Ons was ook betrokke by die SD kaart tegnologie en ons Soogdiere boek, Gras boeke en Boom boek was in die formaat beskikbaar.

Vandag is verskeie e-boeke en app's in die pyplyn. Hoe lyk die inkomste stroom van die nuwe uitgewers produkte? Die weet ons nog nie. Of daar hoegenaamd 'n inkomste gegenereer sal kan word en of intellektuele eiendom prakties beskerm sou kon word, moet die tyd nog leer. Wat ons wel weet is dat die hele publiserings omgewing onomkeerbaar aan die verander is en dat ons sal moet tred hou en aanpas as ons wil oorleef. Soos die Google consultant gesê het – "it's all about catching eyeballs" Jy moet gesien kan word te midde van 'n ooraanbod van inhoud en idees.

Ons het pas ons webruimte opgedateer om meer op datum te wees met tendense en tegnologie.

Daar is nog heelwat geleenthede wat deur die klankleser geskep word. Ons sal beslis hieraan werk en hoop om eersdaags nog 'n klankleser gereed produk op die mark te hê.

Gevare vir die toekoms?

Ons regering is die enkele grootste bedreiging. Dit bedreig die bereidwilligheid van mense om energie beskikbaar te stel vir die groter geheel. Almal is ingestel op persoonlike oorlewing wat gierigheid nie uitsluit nie. Onsuksesvolle en belaglike stelsels soos kader-ontplooiing is die enkele oorsaak en knie haltering van instellings soos Eskom. Eskom wat eens 'n borg was - 'n belegger in idees en die toekoms en nou nie eens sy eie sake kan behartig nie. Die Poskantoor, duisende miljoene rande se skade aan besighede en dit net omdat almal die reg het om te staak. Die onderwys en gesondheidstelsels, noem maar op. Wanneer laas het jy met 'n tevrede glimlag uit 'n municipale gebou uitgestap of met respek na 'n burgermeester van 'n dorpsraad gekyk? Wat vreemd is, is dat almal so half verby die ooglopende redes kyk en steeds na twee dekades van *born frees* maar verlief neem met patetiese diens, met bedrog en volslae onbevoegdheid. En indien daar wel ontevredenheid is gaan dit oor mense wat nie huise verniet kry nie dan word die biblioteek afgebrand, of die bus wat laat was of die trein.

Ons ekonomiese isolasie as gevolg van 'n verswakkende geld eenheid is ook 'n bedreiging. Jy kan dit bloot nie bekostig om 'n koppie koffie op Frankfurt lughawe te koop nie. Iets wat die plaaslike skoonmaker met sy 2m wye besem, nie 'n oog knip om te doen nie. 3 of 4 van 'n geld eenheid kan mos nie baie wees nie. Maar maal die 3 of 4 met 15 - dan raak dit laf.

Dis heeltemal genoeg donkerte om in gedagte te hou tydens u volgende strategiese beplanning.

Om 25 jaar in enige bedryf te vier word moontlik gemaak deur mense. Ek wil graag 'n klompie opnoem wat my lewe verryk het. Natuurlik kan mens nie almal noem nie en loop mens die risiko om gevoelens seer te maak. Ek probeer egter,

- My kollegas Stephanus, Ben-Erik, Christo en Frits. Die waarde wat gemeenskaplike doelwitte en waardestelsels het, is onmeetbaar in 'n besigheid. Die bande en verhoudings wat deur die jare gevorm het vir my 'n bate.
- ek wil erkenning gee aan almal wat by Briza gewerk het gedurende die afgelope 25 jaar. Elkeen het sy of haar spoor in die pad van Briza getrap. Ek dink aan Jurita Pieterse, ons eerste sekretaresse wat sommer uit haar eie huis gewerk het. Aan Ilse van Schalkwyk wat skekretaresse, ontwerper, uitleg kunstenaar alles in een was en later van Oudtshoorn geword het. Annemarie wat van baie vroeg in Briza se bestaan die geldsakies mooi opgeskryf het. Aan ander staatmakers soos Elsa en Fransiena en die nuwelinge Johan, Suzanne, Jamie al sien julle julself nie as nuwelinge nie. En dan die splinter nuwes Magdalena, Lucille en Valerie. Ook aan Petro Olivier en Heleen du Toit wat die International Rights Office op Sannieshof help bou het.
- Ek dink aan Christo wat met sy besondere bestuurstalent die organisme aan die beweeg hou
- Aan Renee Ferreira, seker een van die mense met die beste aanvoeling vir uitgewery wat ek ken en wat met haar onverskrokke werkvermoë een sukses na die ander uitryg.
- Hendali Steynberg, Melinda Stark, Alicia Artzen, Ronelle Oosthuizen, Annaline Rautenbach en Jacqueline Huisman en Suzan, my dogter is enkele van die uitlegkunstenaars wat gereeld vir Briza gewerk het en steeds werk. Van Pagemaker tot die nuuste InDesign is dit 'n ervaring om met die talentvolle mense te werk. Die skeppende fase van die geboorte van 'n nuwe boek is 'n besonder bevredigende ervaring.
- Dawn Lundall wat met 'n houding van niks is onmoontlik 'n sukses maak van die Briza webruimte en e-handel platform
- Aan my goeie vriend en Briza se boekhouer Bert du Plessis. Nagte deur was hy die klankbord van gebeure en idees by Briza en het hy entoesiasties meeste boeke wat ons uitgegee het gekoop, soms onder protes.
- Aan Pippa Parker wat onbewustelik 'n inspirasie en rol model was deur die uitstekende boeke wat sy in haar loopbaan by Struik gepubliseer het.
- Siegmar Bauer, with his german presission and extremely accurate way of communicating whom we have met at the very first Frankfurt

Book show and since learned a lot about the international publishing market.

- Jimmy Lim at Tien Wah Press. Over the years we build a special relationship with Tien Wah Press through Jimmy. The integrity, loyalty and honesty in which they conduct business is an example to us all. Many a time would they suggest better options and absorb extra costs in order to make a budget work. They say - How do you know if a Chinese person is your friend?He does not buy you expensive dinners anymore. Jimmy progressed to this stage.
- Charlie Chan from Craft Press Singapore. What a remarkable person. I am sure he knows everything to know about printing and business.
- Bernard Wee whom we initially got to know through Tien Wah Press is now with PWGS after retiring from Tien Wah. Bernard saved the Sappi Birds project through establishing a new supplier of the callfinder and the associated technology. There are many dubious characters outside, but they are filtered out by trustworthy people like Bernard.
- SANBI, vroeg in die negentigs het ons boeke internasional verkoop, onder andere aan 'n uitgwer in Holland, DYKEMA dink ek. Die ou stuur toe 'n faks (daar was nog nie e-pos nie) om te sê hy dink hy weet waarvoor staan Briza "Botanical Research Institute of Zuid-Afrika" Nou ja, dit is ons nie, maar ons het 'n baie goeie verhouding met Sanbi vir baie jare al. Ons het die eerste klompie jare van die SA Book Fair in Kaapstad saam uitgestal. Ek dinkaan Louisa Liebenberg, Gerrit Germishuizen en Sandra Turck. Sandra en Elizma het vanoggend nog die wa deur die drif getrek toe sy help scan het aan die paar skyfies.
- Our sponsors that enabled the publication of titles with limited feasibility. These sponsorships make a huge difference. Take for example *Dictionary of names of Southern African Trees*. Thank you very much SAPPI. *Problem Plants of South Africa* would not have seen the light without the involvement of Bayer. And the many more.
- Then our authors – you are the single most important contributors that we do have. Your ideas and projects are published as a tangible and lasting celebration of your association with Briza. Thank you for sharing your expertise with Briza. Thank you for building on the

publishing basis that we offer. Thank you for becoming part of this family business.

- Laastens vir al die mense naby aan ons – gesinne en families wat opofferings op 'n gereelde basis maak, sodat ideale en doelwitte bereik kan word. Baie dankie - julle is gereeld in ons gebede.

Ek wil afsluit deur die genade wat ons van God ontvang en beleef het in die afgelope 25 jaar te erken. Dit was tasbaar en 'n besonderse voorreg.

Mag die jare wat voorlê vir Briza en die mense wat met Briza geassosieer word besonder geseënd wees. Dankie

Instel van Heildronk op Briza en mense.